# St. Martin I

## 13 April

(sterf c.655)

Hy was die laaste pous om as martelaar te sterf. Gebore in die Italiaanse dorpie Todi, was hy van jongs af bestem vir groot dinge. Hy was ’n ywerige student en baie intelligent en hardwerkend. Hy word deur pous Theodorus I aangestel as pouslike gesant aan die keiserlike hof in Konstantinopel. In 649 volg hy Theodorus op as pous en kort daarna roep hy ’n Kerk konsilie byeen waar die monothelitiese dwaalleer (dat Christus nie oor ’n menslike wil beskik het nie) verdoem is. Dié idee is egter sterk ondersteun deur die Bisantynse keiser Konstans II. Hy laat die pous arresteer en bring hom na Konstantinopel waar hy mishandel en in haglike omstandighede aangehou is. Pous Martin is in die gevangenis gewerp en in die openbaar verneder. Die keiser het hom selfs ter dood laat veroordeel, maar die patriarg van Konstantinopel het ingegryp en sy lewe gered. Daarop verban die keiser Martin na die Krim waar hy gou aan siekte en ellende dood is.

© Die Oratorium Uitgewery